# HOOFSTUK VII.

## DIE ONDERWYS OP RUSTENBURG TOT 1858.

### 1. Historiese Agtergrond.

#### a. Inleiding.

Wanneer 'n mens probeer om die oudste onderwysgeskiedenis van Rustenburg op skrif te stel, kom jy voor die ongelukkige waarheid te staan dat al die dokumente en ander nodige stukke vir so 'n taak, saam met die landdrosgebou, gedurende die Tweede Vryheidsoorlog vernietig is. Gelukkig vir ons taak was gedurende die vroegste ontwikkeling van Transvaal, die verskillende gemeenskappe so intiem met mekaar vervleg dat inligting van die een ook lig werp op die ander.

Naas Potchefstroom is die Rustenburgse gebied die oudste vesting van die blanke beskawing in die Noordelike dele van Suid-Afrika. Na die aanleg van Potchefstroom aan die einde van 1838, het die mense langsamerhand versprei namate meer intrekkers hulle by die oorspronklike inwoners gevoeg het. Ons kan egter aanneem dat tot 1845 almal nog tot die Potchefstroomse gemeenskap behoort het,[1] hoewel ons so vroeg as 1841, en miskien nog vroeër, aan weerskante van die Magaliesberg vaste inwoners aantref. In hierdie jaar het sowel Andries Potgieter as die sestienjarige Paul Kruger - die latere Staatspresident - aan die voet van die Magaliesberg gewoon.[2]

Weldra sou die rustelose Trekkerleier, A.H. Potgieter, verhuis na die Noord-Ooste en Ohrigstad

aanlê/.....

---

1. Pelzer: Die Oudste Gesk. v. Rustenburg in „Die Rustenburgse Eeufees Gedenkboek," 1.
2. Bredell en Grobler: Gedenkskrifte, 6.

aanlê.[1] Binne enkele jare het sommige van hierdie volgelinge van A.H. Potgieter egter op eie houtjie, en grootliks tot die ontevredenheid van die Volksraad, die ongesonde en gevaarlike Ohrigstadse gebied verlaat en in die omgewing van die Magaliesberge 'n nuwe, veiliger en gesonder tuiste gesoek.[2]

Vervolgens het die gebied 'n baie belangrike en invloedryke versterking gekry toe Andries Pretorius, met 'n aansienlike gevolg, hom in 1848 ook daar gevestig het.[3]

b. Die Aanleg van die dorp, Rustenburg.

Rustenburg is eers tien jaar, of langer, nadat die eerste Voortrekkers hulle aan die voet van die Magaliesberg kom vestig het as dorp aangelê. Die aanlê van 'n dorp was ook nie die strewe van die Magaliesbergers nie, maar wel wou hulle 'n „ Kerk-plaats" hê.

In die Volksraadsnotule van Potchefstroom, 22 September 1850, lees on die volgende onder art. 3:[4]

„ Memorie voorgekomen van den Kerkeraad van Magaliesberg getekend door tweehonderd-vyf-en-sestig personen, vraagende aan den Raad een plaats onbewoond, voortyds behoorende aan de heer H.C. Vermaas, tot opbouen van een Gereformeerde Kerk.

De Raad overeengekomen zynde hebbe dien plaats aan den Kerkeraad en gemeenten toegestaan tot dien einde om een Kerk te bouwen onder voorwaarden dat de helft der Erven aan de Kerk en de andere helft aan het publieke kast zal worden toegekent en dat de

Kerkeraad/.....

---

1. Vgl. Hoofstuk VI.
2. R 112c/46.
3. Pelzer: Die oudste Gesk. van Rustenburg in „ Die Rustenburgse Eeufees Gedenkboek," 2.
   Preller: Andries Pretorius, 349.
4. E.V.R. 3, 38.

Kerkeraad de volste reg zal behouden om nimmer een kantien of openlyke taphuis toe te laten."

In werklikheid is daar vir die dorpsaanleg twee plase van Vermaas aangekoop deur die Kerkraad.[1)]

Wanneer die naam Rustenburg sy ontstaan gevind het, val moeilik om vas te stel, net soos dit uit die amptelike stukke ook nie moontlik is om vas te stel waarom die naam Rustenburg juis gekies is nie.

In sy ,,Ontstaan en groei van die Ned. Herv. Gemeente van Rustenburg," skryf Ds. C.S.v.H. Steenekamp egter dat dit in die jaar 1850 was toe die Kerkplaas die naam Rustenburg gekry het. Ds. P.E. Faure van Wynberg het hierdie naam in 'n briefwisseling met Andries Pretorius aanbeveel. Dit was die naam van die ou landgoed, Rustenburg, wat in die gemeente Wynberg geleë was, een van die oudste plase wat reeds in 1671 aangelê is, en in die agtiende eeu die buiteverblyf van die Hollandse Goewerneurs aan die Kaap was. Waarskynlik is dit weer genoem na die dorpie, Rustenburg, in Noord-Holland.[2)]

Vanaf 1851 is die naam van tyd tot tyd in die Volksraadsnotule gebruik, terwyl dit kort daarna ook in die korrespondensie van die tyd aangetref word.[3)] Dit wil egter voorkom of daar nie van die begin af duidelikheid oor die naam bestaan het nie, omdat ons gedurende die eerste paar jaar die name Rustenburg en Magaliesberg om die beurt aantref.

Miskien/... ..

---

1. Pelzer: Die Oudste Gesk. v. Rustenburg, in die ,,Rustenburgse Eeufeesgedenkboek," 3.
   Van der Merwe: Gesk. van die Ontwikkeling van die Onderwys in Rustenburg 1840-1945, bylae 2.
2. Steenekamp: Die ontstaan en groei van die Ned. Herv. Gemeente van Rustenburg 1850-1951, in die ,,Rustenburgse Eeufeesgedenkboek," 56.
3. Pelzer, t.a.p., 3.

Miskien kan die posisie die duidelikste opgesom word deur dit te stel dat tot ongeveer 1851 van die hele omgewing as Magaliesberg gepraat is, dat na die aanleg van die dorp dit die naam Rustenburg gekry het, terwyl die distrik nog as Magaliesberg bekend gestaan het en pas nadat die Hof van die Landdros en Heemrade volledig begin funksioneer het, die dorp en die distrik as Rustenburg bekend geword het.[1)]

Nadat Pretorius en sy volgelinge hulle in 1848 langs die hange van die Magaliesberg gevestig het, was die gebied betreklik dig bevolk. Dit kan ons aflei uit 'n memorie wat in Maart 1850 aan die Volksraad gestuur is en deur 63 inwoners van Magaliesberg onderteken is. Volgens 'n skatting sou daar in 1855 ongeveer 800 mense in die dorp en distrik gewoon het.[2)]

2. Ontwikkeling op Kerklike Gebied.

Toe die Natalse Volksraad, op versoek van die Potchefstroomse Adjunkraad, op 23 Februarie 1842 drie ouderlinge en vier diakens vir Transvaal goedgekeur het, het Transvaal sy eerste Kerkraad gekry.[3)] Dit was die Kerkraad van die Potchefstroomse gemeente, maar die gemeente het oor die hele Transvaal gestrek en die Magaliesbergse omgewing was 'n wyk hiervan.[4)]

Toe die eerste afvaardiging van die Kaapse Sinode/...

---

1. Pelzer, t.a.p., 3.
2. Ibid.
3. Notule Natalse Volksraad, 23 Febr. 1842, art. 6. Engelbrecht: Die Ned. Herv. Gemeente Potchefstroom, 1842-1942, 16.
4. Du Toit: „Wording en Groei van die Ned. Herv. of Geref. Gemeente van Rustenburg" in die Rustenburgse Eeufeesgedenkboek, 64.

Sinode in April 1848 Potchefstroom besoek het, is hulle namens die Magaliesbergers versoek „derwaarts over te komen, daar velen wegens armoede en anderen wegens gebrek aan rytuigen niet naar Mooirivier konden overkomen."[1]

Die tweede afvaardiging, Dr. W. Robertson en Ds. P.E. Faure, het wel na Magaliesberg gegaan en op 19 Desember 1848 op die plaas Hekpoort dienste gehou. Ongeveer 1000 mans, vrouens en kinders het die dienste bygewoon, 235 kinders is gedoop en 107 lidmate aangeneem.[2]

In 1849 het Ds. Andrew Murray weer in dieselfde omgewing vir tussen 800 en 900 mense dienste gehou en 42 nuwe lidmate aangeneem.

Op 'n Kerkraadsvergadering op 21 Januarie 1850 te Potchefstroom is in beginsel goedgekeur dat in die Magaliesbergse wyk 'n aparte gemeente gestig word.

'n Persoon wat hom buitengewoon vir die saak van die Kerk hier op Rustenburg beywer het, was Gen. A.W.J. Pretorius self. Op 26 Februarie 1850 het hy hom met 'n kollektelys tot sy landgenote gewend,[3] en in Oktober van dieselfde jaar, toe Ds. Murray weer dieselfde gemeente besoek het, was die mure van die kerk gereed.
Toe die kerkgebou op 26 April 1851 ingewy is, is weer 46 lidmate aangeneem.[4]

Van Desember/.....

---

1. Du Toit: „Wording en Groei van die Ned. Herv. of Geref. Gemeente van Rustenburg" in die Rustenburgse Eeufeesgedenkboek, 64.
2. Spoelstra, t.a.p., 96.
3. Pelzer, t.a.p., 6.
4. Spoelstra, t.a.p., 101.

Van Desember 1848 tot Februarie 1850 is daar dus in hierdie Magaliesbergse gebied 226 lidmate aangeneem en aangesien van hierdie persone verwag is om te kan lees en skryf, werp dit ook lig op die onderwys van die dae.

In Junie 1852 was Ds. Murray en Neethling weer werksaam in die gemeente en het veral Ds. Neethling gesorg vir die ,, jongeliede en kinderen, die zich in ontzaggelyken getallen voor de catechisatie hadden aangemeld."[1]

Ook die Rustenburgse gemeente sou egter tevergeefs probeer om 'n predikant van die Kaapse Sinode te bekom. Vanaf 1853 het Ds. van der Hoff ook hierdie gemeente be-arbei tot 20 April 1861, toe Ds. G.W. Smits, ook van Holland, deur Ds. van der Hoff bevestig is as predikant van Rustenburg.[2]

3. Die Onderwys op Rustenburg tot 1852.

Vaste gegewens oor die onderwys in die beginjare is nie beskikbaar nie. Ons kan egter met veiligheid aanneem dat toestande hier op Rustenburg weinig verskil het van ander plekke soos Potchefstroom en Ohrigstad en dat die onderwystoestande gedurende hierdie tye van oorgang van die Trekkerslewe na 'n meer gevestigde lewe, slegs 'n voortsetting was van die toestande tydens die Trek.

Die dienste van 'n huisonderwyser was blykbaar 'n gesogte voorreg. By die Trekkers in hierdie geweste was dit blykbaar net Tielman Roos wat as huisonderwyser die ouers bygestaan het.[3] Hy was sedert 1841 aan die Magaliesberg as onderwyser werksaam/.....

1. Du Toit, t.a.p., 68.
2. Ibid.
3. Gedenkskrifte, 6.

werksaam, waar hy met sy driemaandelikse kursus vir heelwat families van hulp moes gewees het.[1)]

Die omgewing was dig bevolk, maar die Trekkers was reeds baie verarm. Die nomadiese lewe het verder die stigting van skole bemoeilik. Maar die Trekker was geen analfabeet nie en sy kinders sou dit nie word nie.[2)] Met die Bybel, soms as enigste leesboek, sou Vader, en veral Moeder, die kinders die leeskuns aanleer want dit was immers 'n vereiste vir die kerklike aanneme.

Te midde van die veeleisende daaglikse pligte in hierdie pioniers-bestaan moes die ouers, hier in die Rustenburgse wêreld, veel aandag gegee het aan die voorbereiding van hulle kinders vir die kerklike lidmaatskap, soos blyk uit die groot getal kandidate wat hulle aangebied het vir die aflegging van die belydenis van die geloof.[3)]

Tot 1852 was daar geen sprake van georganiseerde onderwys nie. Voordat daar van staats- of kerksweë iets gedoen kon word, moes beide die staatsorganisasie en kerklike organisasie beter vorm aanneem. Dit is om hierdie rede dat nog Kerk nog Staat voorbereid was om die eerste drie onderwysers vanaf Holland te ontvang.[4)]

Die georganiseerde onderwysstelsel sou slegs langsaam groei. Die Trekker was gewoond om homself te behelp. Tot welke mate dit gedoen is, blyk duidelik uit die reisbeskrywings van besoekende

predikante/....

---

1. Lugtenburg, t.a.p., 28.
2. Vgl. Hoofstuk 2.
3. Spoelstra, t.a.p., 96 e.v.
4. Vgl. Notule Volksraadsitting, Rustenburg, 17 Maart, 1852 art. 24.

predikante van die Kaapse Sinode.

Op Dinsdag, 18 Desember 1849, was Ds. A. Murray (jnr) op die plaas van Casper Kruger.[1] Nadat hy tien uur lank, sonder tussenpose met 80 kandidate vir die aflegging van die geloofsbelydenis besig was, het hy slegs 42 bekwaam gevind.[2]

4. Die Onderwys op Rustenburg 1852 -1853.

Die landing van meesters Poen, van der Linden en Spruyt in Delagoabaai op 21 Julie 1851[3] het vir Rustenburg, soos tewens ook vir Potchefstroom en Lydenburg, 'n nuwe periode in die onderwysgeskiedenis ingelei.[4] Op pad vanaf die baai na Lydenburg het meester Spruyt, die toekomstige onderwyser van Rustenburg, siek geword en was hy verplig om etlike weke by die Heer H.T. Bührman, sy landgenoot op Lydenburg, te vertoef. Van der Linden is egter spoedig na Suikerbosrand en vandaar na Rustenburg om sy saak en ook die van Spruyt, voor die Volksraad wat op 17 Maart sou vergader, te lê.[5]

Op aanbeveling van Bührman moes van der Linden sorg dat hyself op Potchefstroom en Spruyt op Rustenburg geplaas word.[6]

Die Volksraad het hierdie aanbeveling aanvaar, en alle verdere reëlings i.v.m. die twee onderwysers en hulle skole aan die kerkrade opgedra.[7]

So is Jan Willem Spruyt, gebore 26 Julie 1826, onderwyser van die derde rang, voorheen werksaam te Uithoorn/.....

---

1. Spoelstra, t.a.p., 88.
2. Ibid.
3. Vgl. Hoofstuk III.
4. Vgl. Hoofstuk V en VI.
5. Hierdie aangeleentheid is volledig beskryf in Hoofstuk V.
6. Engelbrecht: Gesk. v.d. Ned.Herv.Kerk in S.A., 1920 uitgawe, bylae XXXIV.
7. Notule Volksraadsitting, Rustenburg, 17 Maart 1852, art. 24.

Uithoorn, Nederland, aangestel as die eerste onderwyser op Rustenburg. Wanneer Spruyt presies op Rustenburg aangekom het, kon nie met sekerheid vasgestel word nie, maar dit kon nie lank na 17 Maart gewees het nie.

Dit het op Rustenburg nog langsamer gegaan as op Potchefstroom en dit was eers lank daarna dat 'n bevredigende ooreenkoms tussen onderwyser en Kerkraad getref is - desnieteenstaande was Spruyt al aan skoolhou.[1] Ongelukkig ontbreek gegewens oor die getal leerlinge in meester Spruyt se skool.

Eers op 4 April 1853 is op 'n kerkraadsvergadering 'n definitiewe ooreenkoms getref tussen meester Spruyt en die Kerkraad.[2]

Die Kerkraad het onderneem om 'n salaris van 1200 riksdalers per jaar aan die onderwyser te betaal. Verder sou aan hom 'n vry kamer verskaf word, benewens 'n toelae per kind vir die aankoop van skoolbehoeftes. Hy moes twee keer per week katkisasie hou vir die aannemelinge. Meester Spruyt sou verder onder 'n kommissie van toesig sy skool beheer.[3]

Opmerklik is dit dat hierdie ooreenkoms, nieteenstaande die permanente aard van die aanstelling deur die Volksraad, tog maar voorlopig vir 'n jaar was.[4] Die Kerkraad het dus ook hier nie die volle implikasie van die Raadsbesluit besef nie.

Die artikels van die kontrak kom origens taamlik ooreen met die Van der Linden-Reglement;[5] in die praktyk/.....

---

1. Von der Merwe, t.a.p., 27.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Ibid.
5. Vgl. Hoofstuk V.

praktyk was daar egter groot verskil.

Hier het die Kerkraad aan die onderwyser 'n traktement betaal, terwyl die ouers deur middel van skoolgeld op Potchefstroom hulle onderwyser moes betaal. Dit alles dui op die onklare staats- en kerklike organisasie van die tyd. Dit is duidelik dat die staat verantwoordelik is vir die salarisse van die onderwysers, maar toe die taak op die skouers van die Kerkrade geskuif is, is daar blykbaar nie gedink aan die finansiële verantwoordelikheid wat daaraan verbonde was nie. Tog het die Volksraad later toegestom dat hulle die salarisse sowel as die huishuur van die onderwysers sal betaal.[1)]

Daar was in elk geval nou 'n vaste onderwyser op Rustenburg. Lank sou dit egter nie goed gaan nie. Op 27 Mei 1853 het Ds. Dirk van der Hoff hom as eerste predikant onder die Boere gevestig. Van die onderwys het hy hoë ideale gekoester.

„Hunne (die emigrante se) zedelyke en godsdienstige, benevens hunne verstandelyke ontwikkeling zal het hoofddoel van myn streven zyn. Zie ik, dat het onderwys niet voldoende is, dan begin ik met zelf een school op te rigten en zal dan zien of ik de Transvaalsche jeugd niet in zuiver hollandsch sprekende Afrikanen hervormen kan. Ontdek ik dat er nog aan meer onderwyzers behoefte is, en men wil my magtigen om daarin te voorzien, ik zal alsdan zoo vry zyn my tot u wenden," so skryf Ds. van der Hoff op 11 Maart 1853 aan Prof. Lauts.[2)]

Weldra/......

1. Lugtenburg, t.a.p., 43.
2. Engelbrecht: Gesk.v.d. Ned.Herv.Kerk in S.A., 1920 uitgawe, bylae XXIX.

Weldra sou hy probeer om die onderwys in beter bane te stuur. Sy Van der Hoff-Reglement was 'n goeie poging om die onderwys te beveilig en te bevorder. Maar ongelukkig sou persoonlike botsings, reeds tussen Hollanders, die onderwys veel skade aandoen.

,,Beiden (Spruyt en van der Linden) waren groten vrienden van Bührman, en daar zy in de Lydenburg-Potchefstroom stryd party kozen voor de Smellenkamp-Bührman-Lydenburg groep, was het hun onmogelyk om rustig met hun werk door te gaan, en werden die scholen aldaar tydelik gesloten.[1]

In Augustus 1854 was die skool op Rustenburg reeds tot niet, want op 25 Augustus 1854 skryf Meester Spruyt vanaf Bloemfontein as volg aan Prof. Lauts:[2]

,,Er was een algemeene blydschap toen men vernam dat er een Holl. predikant voor de Transvaalsche gemeenten was aangekomen. Men koesterde de hoop dat beschaving en verligting, waarin men in de Z.A. Republiek, zoo zeer achteruit was gegaan, langzamerhand weder zou zien aangroeien. Immers bestand er reeds op iedere kolonie, nl. te Potchefstroom of Mooirivier, te Rustenburg en Lydenburg, een goeie dorpschool, zoodat de kinderen uit de omstreken in de gelegenheid waren, dagelyks geregeld onderwys te ontvangen, zoodat men billyk kon verwachten, dat een groot gedeelte van het opkomende geslacht, reeds merkelyk boven de thans zoo geringe beschaving en verlichting/.

1. Engelbrecht, t.a.p., 72.
   Vgl. ook die Gesk. v.d. skool op Potchefstroom. (Hoofstuk V.)
2. Ibid., bylae XXXIV.

verlichting zou uitblinken."

Voorts word Ds. van der Hoff beskuldig van „ de schromelykste heerschucht" en dan vervolg die gewese onderwyser van Rustenburg.

„ Ten gevolge van de willekourigheid van Van der Hoff, is ook de school van Potchefstroom, alwaar Van der Linden onderwyzer was, te niet. Van der Linden zal ook hoogswaarschynlik naar hier komen, daar hy ook niet genegen is om onder het pauslyk gezag van Van der Hoff langer de betrekking van onderwyzer in de Z.A. Republick waar te nemen.

U.Ed. ziet dus dat de Staat der Kerk, zowel als die der scholen in eenen betreurenswaardigen toestand is."

Spruyt was op Bloemfontein en die korstondige bestaan van die skool op Rustenburg was beïndig.

Gegewens uit die vyftigerjare is uiters skraal. Onderwys was sporadies. Telkens wanneer daar 'n onderwyser hom aangemeld het, was daar vir 'n korter of langer tyd weer 'n skool op die dorp.

Na hierdie ontreddering het van der Hoff dadelik pogings in die werk gestel om die skole op Rustenburg en Potchefstroom weer aan die gang te kry. So word byvoorbeeld in 'n brief wat J.J.H. Smuts in 1855 aan Prof. Lauts skrywe, gemeld: „ Volgens zyn (van der Hoff s'n) schryven was alles wel, de school te Mooirivier en Rustenburg weder aan den gang."[1)]

Reeds in Augustus 1854 het hy 'n beroepsbrief en 'n twaalftal aanstellings vir onderwysers aan die Amsterdamse kommissie gestuur.[2)]

Wie die/.....

---

1. Engelbrecht, t.a.p., bylae XLIV.
2. Ibid., bylae XXXVII.

Wie die dorpskool op Rustenburg aan die gang gehou het, is nie vas te stel nie. In hierdie jare het daar moontlik meer huisonderwysers hulle onder die Emigrante gevestig, maar persone met die onderwysbevoegdhede van Spruyt of van der Linden was dit bepaald nie. So skryf Ds. Van der Hoff op 18 Junie 1853 aan Prof. U. Lauts: „Er zyn hier tot nog toe uit Holland geen persoon aangekomen, uitgezonderd een jong mensch met name (die naam is uitgelaat), die tans huisonderwyzer is by Heer Bart Pretorius, broeder van wylen den Genl. Andries Pretorius."[1]

Vanaf 1855 was sake deurmekaar in Transvaal. Op kerklike en politieke gebied was daar groot verskil. Dit is dan lig te verstaan dat te midde van soveel woelinge die onderwys moes skade ly.[2]

Dit was eers teen 1860 dat alle seksies die Sandrivier-konvensie bekragtig het, waardeur die Z.A.R. inderdaad tot stand gekom het.[3]

Voortaan sou die regering self die inisiatief neem in onderwyssake.

1. Engelbrecht, t.a.p., bylae L.
2. Engelbrecht, t.a.p., bylae XLIII.
3. Vgl. Die Onderwyswetgewing, Hoofstuk IX, par. 3.